KONINKRYK LES 38

1	**GEBED**

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	**DEEL** (20 minute) ***[STILTETYE]*** **JESAJA 55, 58, 59 en 61**

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Jesaja 55, 58, 59 en 61). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	**MEMORISERING** (5 minute) ***[GOD SE BRONNE]*** **(2) PSALM 119:105**

Herhaal twee- twee:
(2) God se Woord. Psalm 119:105. U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

4	**BYBELSTUDIE** (85 minute) ***[DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE]*** **ROMEINE 11:1-36**

Inleiding.
Romeine 9 leer dat dit nooit God se bedoeling was om elk individu (Jood) uit die natuurlike volk van Israel te red nie (Romeine 9:6; sien Deuteronomium 7:6-10). Dit was altyd God se doel om al die mense te red wat Hy in sy soewereine gesag en almag uitverkies het, d.w.s., hulle wat tot geloof in Hom gekom het (Romeine 9:11; sien Handelinge 13:48; 2 Timoteüs 1:9-10).

Romeine 10 leer waarom Israel as 'n volk gefaal het. Die Jode as 'n geheel het geprobeer om deur hul werke van die wet geregverdig (gered, verlos, salig) te word, in plaas van deur geloof in die Messias, Jesus Christus en sy volbragte verlossingswerk.

Romeine 11 leer dat God se ewige doel met (uitverkore) Israel en met die (uitverkore) heidene baie seker uitgevoer sal word. "Die volheid van Israel" en "die volheid van die heidene" sal baie seker gered word!

STAP 1. LEES. **GOD SE WOORD**
Lees. Ons gaan Romeine 11:1-36 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. **WAARNEMINGS**
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?
Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?
Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.
Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

11:1-24

***Ontdekking 1*. In God se verlossingsplan is 'n wonderlike wisselwerking tussen die volk van Israel en die nie-Joodse volke.**

(1) Romeine 11:1-10 beskryf die verkiesing van 'n oorblyfsel van Israel (vers 5) en die verharding van die res (vers 7).

Die onvoltooide beeld van die volk van Israel. Die beeld van die volk van Israel in die tyd wat die apostel Paulus geleef het, is dat Israel 'n ongehoorsame en koppige volk is. Bepaalde mense het hieruit afgelei dat God die volk van Israel *eens en vir altyd* verstoot het (Grieks: apótheó) (aoristus)(vers 1) en dat die heidense volke die plek van Israel ingeneem het. Paulus toon aan dat hierdie beeld slegs gedeeltelik waar is.

God het sy volk nie verstoot nie. Paulus sê dat God nooit sy volk verstoot het nie. Die uitdrukking "sy volk" verwys nie na die natuurlike volk van Israel (die Jode) nie, maar na die mense in die natuurlike volk van Israel wat in die HERE en sy Messias glo. Die bewys dat God sy volk nooit verstoot het nie was dat:

- Paulus self 'n Israeliet ('n Jood) was.
- God telkens in die geskiedenis van Israel "'n oorblyfsel" (Grieks: hupoleimma of kataleimma) bestem het om nie die knie voor Baäl te buig nie (Romeine 11:1-4; sien Jesaja 1:9; Sagaria 13:7-9; Hebreërs 3:11-12,18-19).
- Ook in die eerste eeu n.C. was daar "'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is *en uitverkies bly*" (Grieks: leimma kat' eklogén charitos gegonen) (voltooid teenwoordige tyd) (Romeine 11:5) (sien in Handelinge die duisende Jode wat tot geloof in Christus gekom het)!

Hierdie "oorblyfsels" uit elke eeu in die geskiedenis vorm saam "die hele Israel wat gered word" (Romeine 11:26). Ook in die toekomstige geskiedenis sal God Jode bly red. In elke eeu is daar "'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is". Saam vorm hierdie oorblyfsels "die volheid van Israel" (Romeine 11:12).

Al gedurende die eerste eeu n.C. gedurende die Nuwe-Testamentiese periode het 'n groot aantal Jode tot geloof in Jesus Christus gekom (Handelinge 2:41,47; 4:4; 5:14; 6:1,7; 9:31,35,42; 14:1; 17:12) (sien Romeine 1:16; 3:30; 4:12; 5:18-19; 7:4; 9:6,24,27,29; 10:1,11-13,16).

In elke eeu is daar "'n oorblyfsel" wat uit die natuurlike Joodse volk gered word. Daar is eweveel hoop vir Jode en nie-Jode om gered te word! Maar heel die natuurlike volk van Israel word nie gered nie, netsoos ook nie alle heidene in heidense volke gered word nie. "Al was die Israeliete so baie soos die sand van die see, net die handjievol wat oorbly (die oorblyfsel) (Grieks: hupoleimma), sal gered word" (Romeine 9:27)! Alleen aan die einde van die wêreldgeskiedenis sal die beeld van God se verlossingsplan volledig wees.

God het nie elke Jood uitgekies om deel van sy volk te wees nie. Dis ook waar dat gedurende die hele geskiedenis van die natuurlike volk van Israel baie Jode hul teen die God van die Bybel en sy boodskap verhard het. Die gevolg was dat God hulle *eens en vir altyd* verhard het (Grieks: póroó) (aoristus tyd) (Romeine 11:7-10)! Dit het al gebeur:

- in die tyd van die profeet Moses (1527-1407 v.C.) (Deuteronomium 29:2-4)
- in die dae van die profeet Elia (874 – 845 v.C.) (1 Konings 18:18-21)
- in die dae van die profeet Hosea (754 – 714 v.C.) (Hosea 1:6,9)
- in die dae van die profeet Jesaja (740-680 v.C.)(Jesaja 1:9; 6:9-10; 8:14; 10:22)
- in die dae van die profeet Jeremia (627 – 550 v.C.) (Jeremia 5:19,30-31)
- in die dae van die profeet Sagaria (520 – 518 v.C.) (Sagaria 13:7-9)
- in die dae van Jesus Christus (1ste eeu n.C.)(Johannes 1:11; 5:39-40)
- in die dae van Stefanus (Handelinge 7:51-53)
- en dit gebeur "tot op die dag van vandag" (Romeine 11:8b).

In elke eeu is daar Jode wat Christus en sy geregtigheid verwerp.
Romeine 11:9-10 benadruk die verdiende straf vir mense wat hulle teen God en sy boodskap verhard (vergelyk 2 Tessalonisense 1:8).

Die verharding van sulke mense is nie maklik om te verstaan nie.
Enersyds beteken "verharding":

- dat God (op soewereine wyse) sy uitverkiesingsgenade van bepaalde mense weerhou
- dat mense "uit die genade van God val" (Galasiërs 5:4)
- dat mense "van die genade van God afvallig word" (Hebreërs 12:15-16).

Andersyds beteken "verharding":

- dat God (op soewereine wyse) mense straf vir die verharding van hul harte in ongeloof en ongehoorsaamheid (sien Romeine 1:18,25,28; Romeine 9:18; Hebreërs 4:2,6).

Baie Jode het hulle harte verhard, nie alleen teen die profete gedurende die Ou-Testamentiese periode nie (Romeine 10:21; Hebreërs 3:7-11; Matteus 21:34-36), maar ook teen Jesus Christus, sy boodskap en sy medewerkers gedurende die Nuwe-Testamentiese periode (Matteus 12:2,7,10,14,24; 13:11-15; 21:43-45; Handelinge 7:51). Hierdie Jode het geprobeer om die geregtigheid (verlossing) te verwerf (verdien) deur hul eie werke van die wet en daarom het hulle geweier om geregverdig te word uit God se genade deur hul geloof in Jesus Christus (Romeine 9:30-33; Efesiërs 2:8-9). God wou sy toorn laat sien en sy mag bekendmaak deur hulle te verhard (Romeine 9:22,18)!

(2) Romeine 11:11-15 beskryf die teenswoordige wisselwerking tussen die volk van Israel en die nie-Joodse volke.

Paulus skryf nie oor "'n tydelike verharding", maar oor "'n gedeeltelike verharding" (Romeine 11:25). Die Jode het nie gestruikel (Grieks: ptaió) (aoristus) ten einde (uit die staat van genade) te val nie (Grieks: piptó) (aoristus, aanvoegende wys), maar deur die oortreding (Grieks: paraptóma) (ongeloof) van die Jode het die redding na die heidennasies (gekom) om die Jode tot jaloersheid te wek (Romeine 11:11).

Paulus spreek:

- nie oor *'n definitiewe (permanente)* verharding (of einde) van Israel as Joodse volk nie (Romeine 11:11)
- nie oor *'n tydelike (voorlopige)* verharding van Israel as Joodse volk nie (Romeine 11:25)
- maar oor *'n gedeeltelike* verharding (Grieks: pórósis apo merous) van Israel as Joodse volk.

Die uitdrukking beteken nie dat God die Joodse volk permanent verwerp (verstoot) het nie (Grieks: apotheó) (Romeine 11:1) sodat Israel geen toekoms meer het nie[1].

Die uitdrukking beteken ook nie dat God die Joodse volk tydelik verhard het nie en dat God in die toekoms (in die periode van "die groot verdrukking" kort vóór die wederkoms) Israel (as die Joodse volk) weer sou doen opstaan[2].

Die val (vanuit die genade) van Israel (as die Joodse volk) is nie "permanent" en ook niet "tydelik" nie, maar "gedeeltelik"! Die gelowige "oorblyfsel of res" van Israel (as volk van God) (Romeine 9:6b) is nooit deur God verstoot nie!

Die vorige Bybelgedeelte (Romeine 11:1-10) gaan oor "die verkiesing van 'n oorblyfsel" (Romeine 11:5) (Grieks: leimma, limmatos, vgl. Engels: limit). "Die res" (Grieks: loipos) van Israel (as die Joodse volk) word verhard (Romeine 11:7). Sowel "die oorblyfsel" as "die res" is 'n gedeelte van die geheel! Daarom gaan dit nie oor "'n tydelike verharding" nie, maar oor "'n gedeeltelike verharding" van Israel (as die Joodse volk)! Ook in alle nie-Joodse (heidense) volke word alleen 'n deel uitverkies en die ander deel word nie uitverkies nie (Johannes 13:18; Romeine 8:29-30,33; 2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteüs 1:9-10; 2 Timoteüs 2:19).

In hierdie Bybelgedeelte (Romeine 11:11-16) gaan dit nie oor die totale val van die Joodse volk en ook nie oor die totale aanneming van die Joodse volk nie, maar oor 'n gedeeltelike val en 'n gedeeltelike aanneming van die Joodse volk! Dit gaan nie oor 'n permanente of tydelike val nie, maar oor 'n gedeeltelike val! Deur "die oortreding" (Grieks: paraptóma) van die Jode het "redding" tot die nie-Jode gekom om hulle tot jaloersheid te wek (Romeine 11:11). As die gedeeltelike "oortreding (ANV: val) en "nederlaag" (Grieks: héttéma) van die Jode rykdom vir ook 'n gedeelte van die wêreld van heidene beteken, hoeveel te meer (rykdom uitgedruk in die ewige lewe uit die dood) sal die "volheid" (Grieks: to pléróma) (die volle getal) van uitverkore Jode wees (Romeine 11:12)? As die gedeeltelike "verwerping" (Grieks: apobolé) van die Jode "versoening" (met God) (Grieks: katallagé) vir ook 'n gedeelte van die wêreld van heidene beteken, hoeveel te meer sal die "aanneming" (Grieks: proslémpsis) van die volle getal van die uitverkore Jode wees as "'n opstanding uit die ewige dood tot die ewige lewe" (Esegiël 36:25-27; 37:14; Lukas 15:24,32 en Efesiërs 2:1,5; 5:14)?

Die volgende Bybelgedeelte (Romeine 11:17-24) gaan oor "die inenting van *alleen gelowige Jode* (en gelowige nie-Jode) in die wortel van die natuurlike olyfboom" (d.w.s., in Christus en in sy volk of sy Gemeente) (vergelyk: 1 Korintiërs 12:13). Die ongelowige Jode bly afgeruk/afgekap van die olyfboom.

Die teenstelling tussen die gedeeltelike verwerping en die gedeeltelike aanneming (Romeine 11:12,15). Die verse 12 en 15 het in die oorspronklike Grieks geen werkwoord om die teenwoordige of die toekomende tyd aan te dui nie. Mense mag dus nie sonder meer uitgaan dat die bedoeling toekomstig is nie! Die konteks verwys na die hede en nie na die toekoms nie!

Die voorafgaande konteks (Romeine 11:1-10) en die daaropvolgende konteks (Romeine 11:17-24) toon aan dat Paulus nie spreek oor één toekomstige gebeurtenis in die eindtyd nie, maar oor gebeurtenisse wat plaasvind in die teenswoordige tyd, vanaf die eerste koms van Christus (die tyd van Paulus) tot die wederkoms van Christus (die eindtyd), wanneer die uiteindelike volheid (of die volledige getal) van verloste mense uit die natuurlike volk van Israel (Romeine 11:12,26) en uit die natuurlike nie-Joodse (heidense) volke (Romeine 11:25) bereik word.

Romeine 11:25-26 sê baie duidelik dat hierdie uiteindelike volle getal van verloste mense vanuit alle volke in die wêreld (ingeslote Israel) gelyktydig bereik sal word! Volgens die Griekse woordeboek (Greek-English Lexicon of the New Testament, Bauer, Arndt en Gingrich) mag die Grieks "kai outós" (Romeine 11:26) nie met "en daarna" ('n aanduiding van tyd) vertaal word nie, maar moet altyd met "en so (op hierdie manier)" ('n aanduiding van wyse) vertaal

---

[1] Die *definitiewe of permanente verharding* van die Joodse volk word deur sommige mense geleer. Hulle sê dat "Israel" (as God se volk) *vervang* is deur die Kerk/Gemeente (as God se volk). Die vervangingsleer is nie Bybels nie! "Israel" (as God se volk) is *nie beëindig of vervang nie*, maar word ***voortgesit*** op 'n hoër vlak (van werklikhede in plaas van skaduwees)(Kolossense 2:16-17; Hebreërs 9:8-10) en ***uitgebrei*** *(vergroot)* om nie-Jode wat in Jesus Christus glo, in te sluit! Ook die natuurlike Joodse volk bly voortbestaan tot die wederkoms (Matteus 24:34).

[2] "Die *tydelike verharding* van die volk van Israel" word deur die bedelingeleer (Engels: dispensationalism) geleer en gebaseer op 'n foutiewe vertaling van Romeine 11:25-26). Die bedelingeleer leer die volgende:
Die sogenaamde vyfde bedeling ("die bedeling van die wet"). Die periode tussen Moses en Jesus word beskou as die 5de bedeling. Jode kon deur die wet te hou geregverdig (gered) word.
Die sogenaamde sesde bedeling ("die bedeling van genade" of "bedeling van die Gemeente/Kerk"). Die teenswoordige periode tussen die eerste koms en sogenaamde "eerste terugkoms van Christus (die parousia/koms of die opname van die Gemeente)" word beskou as die 6de bedeling. Dan word veral nie-Jode geregverdig uit genade en deur geloof in Christus, maar die oorgrote meerderheid van Jode bly verhard (hul ongeloof lei tot oortreding en nederlaag).
Die sogenaamde sewende bedeling ("die bedeling van die duisendjarige vrederyk"). Die periode na die sogenaamde "tweede terugkoms van Jesus (die verskyning)" tot die sogenaamde "oordeel voor die groot wit troon" word beskou as die 7de bedeling. Dan sal heel Israel (as Joodse volk) eers gered word en dan vanuit Jerusalem oor die teenswoordige aarde heers. Die bedelingeleer is nie Bybels nie!

word . Netsoos die 7000 'n oorblyfsel in die tyd van die profeet Elia was (Romeine 11:4), so (Grieks: outós) het die Verlosser uit Sion (Israel) gekom om die goddelooshede van Jakob af te wend by sy eerste koms (Johannes 4:22). Alleen 'n gedeelte (die gelowiges) is gered – die res is verhard (Romeine 11:26). So (Grieks: outós) is daar 'n oorblyfsel in die teenswoordige tyd van die apostel Paulus (Romeine 11:5). So (Grieks: outós) is daar 'n deel verloste Jode in elke eeu totdat die volle getal van Joodse gelowiges in Christus bereik word tegelyk met die volle getal van nie-Joodse gelowiges in Christus. So (op hierdie manier) (Grieks: outós) word "heel Israel" gered.

Die woord "heel" (Grieks: pas) slaan nie op elke Jood wat ooit geleef het nie, maar op almal in die Joodse volk wat Jesus Christus as Verteenwoordiger het (sien Romeine 5:15-19) in plaas van alleen maar Jakob!

Die geloof van die heidene (nie-Jode) sal die Jode jaloers maak (Romeine 11:13-14). Paulus is trots op sy teenswoordige bediening as "apostel van die heidene", omdat hy daarmee die jaloersheid van die Jode opwek en so hoop om sommige van hulle te red (Romeine 11:13; sien 1 Korintiërs 9:19-22). Oral in die wêreld, gedurende die hele wêreldgeskiedenis, sal Jode gered word as hulle nie aanhou om hulleself te verhard in hul ongeloof nie (Romeine 11:23). Paulus sê duidelik dat Jode uit die natuurlike volk van Israel "NOU" (in die tyd wat Paulus lewe) God se genade ontvang (Romeine 11:30-31)!

Die wonderbaarlike verlossingsplan van God is dat nie-Jode (heidene) nie gered word sonder gelowige Jode nie en dat Jode nie gered word sonder gelowige nie-Jode (heidene) nie (Romeine 11:15)! Die vertaling is as volg: "As hulle verwerping vir die wêreld versoening (beteken), wat sal hul aanneming dan (nie beteken nie)? Niks minder nie as lewe uit die dood"? Die gedeeltelike verwerping van die natuurlike volk van Israel het gelei tot "versoening vir (ook 'n gedeelte van) die wêreld". Jesus Christus is vanaf sy eerste koms "die Verlosser van die wêreld" (Johannes 4:42) wat hier nie bestaan uit alle mense wat ooit geleef het nie, maar uit die uitverkore gelowige Jode, die uitverkore gelowige Samaritane (half-Joden) en die uitverkore gelowige heidene (nie-Jode).

Die ongehoorsaamheid van 'n gedeelte van die Joodse volk het telkens weer gelei tot die verkondiging van die evangelie deur *die res van die Joodse volk* (bv. die apostels) aan die heidene (die nie-Jode) in die wêreld, soos Handelinge 13:44-48, 18:6 en 28:23-28 aantoon. Die gevolg was dat 'n gedeelte van die heidene (nie-Jode) (en dus ook nie alle heidene nie) in die wêreld tot geloof in Jesus Christus gekom het. Ook hulle word deur geloof in Jesus Christus met God versoen en word ook deur liefde met gelowige Jode in die natuurlike volk van Israel versoen (Efesiërs 2:11-22; 3:2-6).

In die wonderlike voorsienigheid van God, sal die redding van nie-Jode (heidene) elke keer weer die (ongelowige) Jode tot jaloesie provokeer (Romeine 11:13-14) en op hierdie wyse sal baie Jode ook tot geloof in Jesus Christus kom en gered word (Romeine 11:31)[3]. God se verlossingsplan word nie uitgestel tot die eindtyd (soos die bedelingeleer leer) nie, maar is vanaf die eerste koms van Jesus Christus al aan die gang! Romeine 11:12 en 15 verwys naar NOU in die teenswoordige tyd (al in die tyd van Paulus) en nie na DAN in die toekoms nie! Die wisselwerking tussen heidene wat tot geloof kom en Jode wat tot geloof kom vind NOU in die teenswoordige tyd plaas, soos Romeine 11:30-31 ook duidelik leer!

Wanneer Jode wat verhard in hul sondes die groot veranderinge in baie nie-Jode opmerk wanneer daardie nie-Jode tot geloof in Jesus Christus kom, sal baie Jode jaloers word en ook tot geloof in Jesus Christus kom. Die profeet Esegiël (Esegiël 36:25-27; 37:14), die Here Jesus Christus (Lukas 15:24,32) en die apostel Paulus (Efesiërs 2:1,5; 5:14) noem so 'n groot verandering in hierdie voormalige deur sonde verharde Jode niks minder as "lewe uit die dood" nie (Romeine 11:15)!

Dus, nie-Jode (heidene) word nie gered sonder gelowige Jode nie (byvoorbeeld deur Paulus en die Nuwe Testament wat hulle opgeteken het) (sien profesieë in Jesaja 49:22 en 66:18-19). En ook Jode word nie gered sonder gelowige nie-Jode nie (soos die sendinggeskiedenis aantoon) (vergelyk die profesie in Jesaja 66:20-21 en die werklikheid in Romeine 11:31 en Openbaring 3:9)!

(3) Romeine 11:16-24 beskryf die inenting in die Wortel (die Verteenwoordiger) alleen deur geloof.

In hierdie Bybelverse rig Paulus hom veral op die nie-Joodse Christene (sien vers 13), sodat hulle God se verlossingsplan aangaande die Jode (die volksgenote van Paulus)(sien vers 14) nie sal misverstaan of vergeet nie.

God het sy verbond met die aartsvaders Abraham. Isak en Jakob gevestig. Hy het gesê dat "Hy hulle God sou wees" en dat "hulle sy volk" vir ewig sou wees. Die gedeeltelike verharding van die Joodse volk (die afstammelinge van die aartsvaders) het God se verbond met die res of oorblyfsel van gelowiges in Israel egter nie vernietig nie.

Die eersteling as die heilige verteenwoordiger van die geheel (Romeine 11:16). Vertaling: "As die eerste stuk deeg (van die mengsel deeg) (Grieks: aparché) heilig (is) (ANV: aan God gewy is), (dan is) ook die hele gemengde klomp) (Grieks: furama) heilig; en as die wortel (Grieks: riza) heilig (is), (dan is) ook die takke heilig". Beide beelde verklaar dieselfde waarheid, naamlik: die heilige verteenwoordiger maak elkeen wat aan hom verbonde is ook heilig (sien Jesus Christus as die Verteenwoordiger in Romeine 5:17-19)!

[3] Dus NIE die sogenaamde "verskyning van Jesus Christus" DAN (in die toekoms) by sy wederkoms bring Jode eers tot geloof in Christus nie (wat die bedelingeleer leer), maar "die verkondiging van die evangelie" NOU (in die teenswoordige tyd) en in elke eeu maak Jode jaloers en bring ook NOU en in elke eeu Jode tot geloof in Jesus Christus (Romeine 11:11,13-14)!

Die Israeliete het die eerste deel van die graanoes verwerk tot ’n klomp deeg. Hieruit het hulle ’n koek gemaak en dit as ’n hefoffer van die dorsvloer aan die HERE geoffer (Numeri 15:17-21). Sodoende het hulle hul hele graanoes aan die HERE gewy. “Heilig” beteken “apart gesit van die gewone gebruik in die wêreld om toegewy te wees aan die HERE). Deur die eerste stuk van die graanoes apart te sit en aan die HERE te wy (offer), het hulle hul hele graanoes beskou as ’n wyding (offer) aan die HERE, d.w.s., hulle het hul hele graanoes beskou as ’n genadige gawe wat hulle uit God se hand ontvang het.

Die wortel as die heilige verteenwoordiger van die geheel (Romeine 11:17-21). Soos Adam die verteenwoordiger is van al sy natuurlike afstammelinge (alle mense), so is Jesus Christus die Verteenwoordiger van al sy geestelike afstammelinge (alle gelowiges)(Romeine 5:15-19). So is ook die wortel die verteenwoordiger van alle takke wat aan die boom verbonde is. Alle takke wat aan die boom verbonde is, deel in die lewe van die boom. As die wortel van die boom heilig (is), (dan is) ook alle takke wat aan die wortel verbonde is heilig (sien ook 1 Korintiërs 1:30).

Die mak olyfboom is ’n baie produktiewe boom en ’n beeld van God se verbondsvolk, waarvan die gelowige Jode alleen maar net *die begin* vorm (Jeremia 11:16-17) en die gelowige nie-Jode deel is van *die voortsetting en uitbreiding* daarvan (Romeine 11:24). *Die wilde olyfboom* is een van die mees waardelose bome en ’n beeld van die natuurlike heidennasies. *Die takke van die mak olyfboom* verteenwoordig die individuele gelowiges in die God van die Bybel binne die natuurlike volk van Israel. *Die takke van die wilde olyfboom* verteenwoordig die individuele gelowiges in Jesus Christus vanuit die heidennasies. *Die wortel* van die olyfboom is ’n beeld van die gelowige aartsvaders met wie God sy verbond gesluit het (Romeine 11:28) en is per slot van rekening die beeld van die Here Jesus Christus Self, “die Wortel” (die Oorsprong) van die verbond (Openbaring 22:16).

- Jesus Christus is die enige Herder van die één kudde skape wat voortgekom het uit die Joodse kraal en uit die nie-Joodse krale (Johannes 10:16)
- Jesus Christus is die enige Fondament (van die Gemeente) (1 Korintiërs 3:10-11; sien 1 Korintiërs 12:13)
- Jesus Christus is die Saad (van die verbond) (Galasiërs 3:16)!
- Jesus Christus is die Vredemaker wat die muur wat skeiding en vyandskap gemaak het tussen Joodse gelowiges en nie-Joodse gelowiges (naamlik: die seremoniële wet) afgebreek het en die twee groepe gelowiges tot één nuwe mens of één liggaam (die Gemeente) geskep het (Efesiërs 2:11-22)
- Jesus Christus is die Borg (Garansie van die verbond) (Hebreërs 7:22).
- Jesus Christus is ook die Middelaar (van die verbond) (Hebreërs 8:6).

Hierdie Wortel ondersteun nie alleen die gelowige Jode nie, maar ook die gelowige nie-Jode (heidene).

Alle takke wat aan die heilige Wortel verbonde is, is regte gelowiges. Hulle is apart gesit van die wêreld en hulle lewe is toegewy aan God (1 Petrus 2:9-10), ongeag of hulle oorspronklik van ’n mak olyfboom of van ’n wilde olyfboom afkomstig is. Indiwiduele nie-Jode wat in Jesus Christus glo, is “*eens en vir altyd* ingeënt tussen die indiwiduele Jode wat in Jesus Christus glo”[4]. Deur geloof “het hulle deel gekry aan die lewensap van die mak olyf se wortel”, nie van die mak olyfboom nie (Romeine 11:17)[5]. Deur geloof is hulle ingeënt in die Liggaam van Jesus Christus, die Hoof, en is hulle op volkome gelyke voet deel van God se verbondsvolk. Maar indiwiduele Jode en indiwiduele nie-Jode (heidene) wat nie in Jesus Christus glo nie, word uitgekap en buite God se verbondsvolk gegooi (sien Matteus 8:11-12; 21:42-44 en Johannes 15:6).

Die Joodse en nie-Joodse gelowiges in Jesus Christus is op volkome gelyke voet in die Wortel, Jesus Christus, verenig “Dit maak dus geen verskil of ’n mens ’n Jood of ’n Griek is nie” (Romeine 10:12-13; Galasiërs 3:28; Efesiërs 2:14-18; 3:2-6; Kolossense 3:11-12). Gelowige Jode en gelowige nie-Jode is deur één Gees gedoop tot één Liggaam (die Gemeente) (sien 1 Korintiërs 12:12-13; Efesiërs 1:13; 2:11-22; 3:2-6).

Gedurende die Ou-Testamentiese periode het God se verbondsvolk aanvanklik bestaan uit gelowiges uit die natuurlike volk van Israel met ’n aantal nie-Jode wat geglo het (Jesaja 56:3-8). Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode bestaan God se verbondsvolk uit gelowiges uit alle volke in die wêreld, ingeslote Jode (Romeine 1:16; Galasiërs 3:26-29; 1 Petrus 2:9-10). In die Nuwe Testament staan God se verbondsvolk ook bekend as “die Koninkryk van God” of “die Liggaam van Christus” (d.w.s., die een wêreldwye Kerk/Gemeente).

Die strengheid en de goedheid van God (Romeine 11:22-24). Alle Jode wat behoort tot die natuurlike volk van Israel en wat hulle nie hou aan die vereistes van God se verbond, naamlik, geloof in Jesus Christus nie, sal nie gered

[4] Grieks: egkentrizó en autois. Nie (NL) HSV: “in hul plek” (vervangingsteorie), maar “tussen in hulle”, dus in ’n volkome gelykwaardige plek in die olyfboom (die verbondsvolk van God) en in die Wortel (Jesus Christus) (Efesiërs 2:11-22; Efesiërs 3:2-6). Grieks woordeboek van Bauer, Arndt en Gingrich, p 215.

[5] Die bedelingeleer leer dat die Nuwe-Testamentiese Gemeente op die Ou-Testamentiese Joodse volk Israel geënt word en dat die Joodse volk Israel die eintlike volk van God is. Maar Romeine 11 leer duidelik dat gelowige heidene (nie-Jode) in die olyfboom geënt word en deel gekry het aan die lewensap van die Wortel. Die olyfboom is NIE ’n beeld van die Joodse volk Israel nie, maar die beeld van God volk wat bestaan uit gelowige Jode en gelowige nie-Jode (sien Jesaja 42:6-7; 49:6; 56:3-8). En die Wortel is NIE ’n beeld van die Joodse aartsvader Jakob nie, maar die beeld van Jesus Christus, die Here van sowel gelowige Jode as gelowige nie-Jode. Die Nuwe-Testamentiese Gemeente is dus NIE op die Joodse volk geënt nie, maar op die Messias, Jesus Christus! Joodse gelowiges en nie-Joodse gelowiges word beide met één Gees (van Jesus Christus) gedoop tot één Liggaam (van Jesus Christus) (1 Korintiërs 12:13)! Vergeet nie dat DIE EINTLIKE “ISRAEL” nie die Joodse volk is nie, maar “DIE DIENAAR VAN DIE HERE”, DIE HERE JESUS CHRISTUS SELF (Jesaja 49:3,6)! Almal wat roem oor die kruis van ons Here Jesus Christus en ’n nuwe skepping (ANV: mens) is, is “DIE ISRAEL VAN GOD” (ANV: die ware Israel) (Grieks: Israel tou theou) (Galasiërs 6:14-16) in teenstelling tot ongelowige Jode wat “ISRAEL VOLGENS DIE VLEES” (ANV: die Joodse volk) genoem word (Grieks: Israel kata sarka) (1 Korintiërs 10:18).

word nie, nou nie en ook nie in die toekoms (die eindtyd) nie! Dit is die strengheid van God. En alle Jode wat nie volhard in hul ongeloof nie, sal vir ewig gered word. Dit is die goedheid van God. Hierdie strengheid en goedheid van God teenoor die natuurlike volk van Israel (sien Jeremia 18:5-12) is presies dieselfde as God se strengheid en goedheid teenoor alle natuurlike nie-Joodse volke in die wêreld (Johannes 3:16-18,36).

Die gelowiges uit die heidennasies moet nie vergeet dat God sy verbondsvolk met die gelowiges uit die natuurlike volk van Israel begin het nie (Romeine 1:16; sien Matteus 10:5-6). Maar vanaf die eerste koms van Christus het hy sy verbondsvolk voortgesit en uitgebrei deur alle gelowiges in Jesus Christus vanuit alle volke daarby in te lyf (sien Matteus 28:19).

Die absolute bepalende beginsel waarmee mense in God se verbondsvolk (God se Koninkryk, of die Liggaam van Christus) ingelyf (ingeënt) word, is geloof in die Here Jesus Christus[6]. Alleen deur geloof in Jesus Christus word sowel Jode as nie-Jode ingeënt in God se verbondsvolk waarvan Jesus Christus die Wortel is (Galasiërs 3:26-29).

Daarom "maak dit dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie. ... Almal wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word" (Romeine 10:12-13)!

11:25-32

Ontdekking 2. In God se verlossingsplan sal die volle getal van uitverkore nie-Jode en die volle getal van uitverkore Jode tegelyk bereik word.

Romeine 11:25-32 maak duidelik wat die verhouding tussen "die volheid van die heidene" en "die volheid van Israel". is. Die woord "geheimenis" beteken 'n waarheid wat voorheen in die Ou-Testamentiese periode onbekend was, maar ondertussen in die Nuwe-Testamentiese periode geopenbaar is. Die geheimenis is dat *gelowige* Jode en *gelowige* heidene saam erfgenaam van God is, dat die redding van Jode en heidene *wedersyds afhanklik* is en dat die volle getal uitverkore gelowiges uit die heidene en die Jode *tegelyk* bereik word by die wederkoms van Christus.

(1) Die geheimenis is dat die gelowige nie-Jode (heidene) saam met die gelowige Jode erfgenaam is.

Die geheimenis waaroor Paulus spreek in vers 25 is die ontvouing van God se verlossingsplan in die Nuwe Testament. In hierdie verlossingsplan word 'n volkome nuwe verhouding tussen gelowige Jode en gelowige heidene uiteengesit.

Die geheimenis in Romeine 11:25 is verwant aan die geheimenis in Efesiërs 3:2-6. Wat die Ou-Testamentiese profete nie geweet het nie, is wel aan die Nuwe-Testamentiese apostels geopenbaar. God het aan hulle geopenbaar dat sy verlossingsplan nie alleen gelowige Jode omvat nie, maar ook deur die verkondiging van die evangelie gelowige nie-Jode (heidene) insluit (sien Handelinge 10:24-25). Die gelowige nie-Jode (heidene) en die gelowige Jode sou:

- saam "één kudde van die Herder", Jesus Christus wees (Johannes 10:16)
- saam "lede van één en dieselfde Liggaam" van Christus wees (1 Korintiërs 12:13)
- saam "die tempel van God" wees (2 Korintiërs 6:16)
- saam "erfgename in God se verbondsvolk" wees (Galasiërs 3:27-29)
- saam "die Israel van God" wees (Galasiërs 6:14-16)
- saam tot "één nuwe mens" in Jesus Christus geskep wees (Efesiërs 2:14-18)
- saam "deelgenote van alle beloftes in die Bybel" wees (Efesiërs 3:2-6; sien 2 Korintiërs 1:20)
- saam "die volk van God" wees (1 Petrus 2:9-10).

Lees "'n Vergelyking tussen die uitdrukkings vir die volk van God in die Ou en in die Nuwe Testament"
in Dota handleiding 11, les 34, Romeine 9:4-9, vraag 1.

(2) Die geheimenis is die wedersydse afhanklikheid van die verlossing van nie-Jode en die verlossing van Jode.

Romeine 11:11-15 benadruk die wese van die goddelike geheimenis, naamlik, "die wedersydse afhanklikheid van die verlossing van nie-Jode en die verlossing van Jode". Dit verwys na die wonderlike reeks gebeurtenisse wat lei tot die verlossing van nie-Joodse gelowiges en die verlossing van Joodse gelowiges. In Romeine 11:26 bestaan "die ware Israel" uit Joodse gelowiges in Jesus Christus wat nie deur God verwerp is nie!

(3) Die geheimenis is dat die volle getal van gelowige nie-Jode (heidene) en die volle getal van gelowige Jode (Israel) gelyktydig bereik sal word.

In Romeine 11:25-26 benadruk Paulus dat die geheimenis bestaan in die feit dat die volheid van Israel en die volheid van die heidene gelyktydig aan die einde van die geskiedenis by die wederkoms van Christus bereik sal word.

"Die hele Israel" (Romeine 11:26) of "die volheid van Israel" (Romeine 11:12) moet wag op "die volheid van die heidene" (Romeine 11:25), voordat Israel (as 'n gelowige Joodse volk) weer te voorskyn kan tree as deel van die volk van God (sien Openbaring 21:3, "Hulle sal sy volke (meervoud) wees"). Nou is die beeld van Israel (as 'n Joodse volk)

[6] Hebreërs 11:6-8, 21-27. Nie-Jode (Noag, Abraham) en Jode (Jakob, Josef, Moses) word alleen gered deur geloof in Jesus Christus.
Jode word NIE gered deur die sogenaamde "verskyning van Christus" by sy wederkoms nie! Die brief aan die Hebreërs is juis geskrywe aan Jode wat in Jesus Christus glo!

onherkenbaar, omdat Israel (as 'n Joodse volk) verdeeld is (tussen gelowiges en ongelowiges) en oënskynlik deur God verstoot lyk. Paulus sê dat die beeld van Israel (as 'n Joodse volk) beide "gedeeltelik" en "tydelik" is.

Wanneer "die volheid van die heidene" (die volle getal gelowiges onder die heidene) bereik word, sal "die volheid van Israel" (die getal uitverkore gelowiges onder die Jode) ook aan die lig kom! Die geheimenis is dat die gedeeltelike verharding van die natuurlike volk van Israel (die Joodse volk) tot die eindtyd bly voortbestaan. Alleen in die eindtyd sal die ware Israel (die Joodse volk wat glo in Jesus Christus) bestaande uit die volle getal van uitverkore gelowiges uit die natuurlike volk van Israel (Romeine 9:6) volledig geopenbaar word. Dit sal gelyktydig plaasvind met die volheid van die heidene, bestaande uit die volle getal van uitverkore gelowiges uit die natuurlike nie-Joodse volke.

STAP 3. VRAAG. UITLEG
Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?
Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 11:1-36 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.
Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.
Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.
Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

11:26

Vraag 1. **Wat is die betekenis van die woorde "die hele Israel"?**

Aantekeninge.

(1) Die verhouding tussen Romeine 11:25 en Romeine 11:26.

"Die verlossing van die hele Israel" is nie die geheimenis nie, maar wel die gevolg van die geheimenis. Die geheimenis openbaar dat die wedersydse afhanklikheid tussen die gedeeltelike verwerping van die natuurlike volk van Israel en die verlossing van die volheid van die nie-Joodse gelowiges die manier is waarop die redding van "die hele Israel" (Grieks: pas Jisrael) of "die volheid (Grieks: to pléróma) van Israel" (Romeine 11:12) tot stand kom.

Die voorstelling dat "die geheimenis" *die verlossing van die hele Israel* is, is verkeerd.

(2) Die uitdrukking "die hele Israel" kan nie uitgebrei word met die insluiting van alle mense wat deur die eeue heen tot die natuurlike volk van Israel behoort het.

Hierdie (verkeerde) voorstelling dink dat die woord "heel" (Grieks: pas) altyd "alle mense sonder 'n enkele uitsondering" beteken. Hulle verkondig daarmee die universele verlossing van alle Jode wat ooit geleef het. Hierdie voorstelling hou niet rekening met die feit dat die woord "pas" al in Romeine 5:17-19 duidelik betrekking het op "almal wat verbonde is aan hulle verteenwoordiger" en nie op "alle mense wat ooit geleef het" nie! Van ongelowige Jode sê God, "Julle is nie my volk nie (Hebreeus: lo ammi) en Ek is nie julle God nie" (Hosea 1:9)!

In sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament verwerp God die ongelowige en ongehoorsame Jode (en nie-Jode) (Daniël 12:2; Matteus 8:12; Hebreërs 4:2,6). 'n Mens ('n Jood) word (en bly) (voltooid teenwoordige tyd) alleen "'n deelgenoot" (Grieks: metochos) van Christus (Hebreërs 3:14) of "'n deelgenoot" van die Heilige Gees (Hebreërs 6:4) "as" hy end-uit volhard (letterlik: tot die einde toe bly vashou aan) in die vertroue (oortuiging, sekerheid) waarmee hy begin het" (Grieks: arché tés hupostaseós) (Grieks: katechó) (aanvoegende wys, aoristus tyd) (Hebreërs 3:14). Van 'n menslike gesigspunt word die volharding van die gelowige sigbaar in sy aanhoudende trou. Ongelowiges is vir ewig verlore (Johannes 3:16-18). In Romeine 9:27 sluit Paulus die universele redding van die Jode definitief uit: "Al was die Israeliete so baie as die sand van die see, net die handjievol (letterlik: die oorblyfsel) (Grieks: hupoleimma) sal gered word."

Die voorstelling dat "die hele Israel" verwys na *alle Jode wat ooit geleef het*, is verkeerd.

(3) Die uitdrukking "die hele Israel" kan nie beperk word tot die hele volk van Israel in die eindtyd nie.

Hierdie (verkeerde) voorstelling dink dat "*'n tydelike verharding*" oor heel Israel (as die Joodse volk) gekom het vanaf die eerste koms van Christus tot net voor die wederkoms van Christus (dus, tydens die sogenaamde sesde bedeling, die bedeling van die Gemeente). Hierdie sogenaamde periode van tydelike verharding van Israel sou dan die sogenaamde "hiaat" of "interim periode" tussen die sogenaamde 69ste en 70ste week in Daniël 9:24-27 wees. Maar sien die uitleg van die boek Daniël in www.deltacursus.nl Delta Plus studie 15. Eers met die sogenaamde "opname van die Gemeente" ("die koms") (Grieks: parousia) van Christus vóór die begin of in die middel van die sogenaamde periode van die Groot verdrukking (die sogenaamde 70ste week van Daniël) kort vóór die sogenaamde "verskyning of openbaring" (Grieks: apokalupsis)[7] van Christus sal God sy sogenaamde uitgestelde program vir die redding van Israel weer opneem en weer begin met die sogenaamde verlossing van "die hele Joodse volk" (Grieks: pas Israel).

[7] Het woord "parousia" in Matteüs 24:29-31 en het woord "apokalupsis" in Lukas 17:30-35 toont duidelijk aan dat er geen twee wederkomsten (één voor de Gemeente en één met de Gemeente)(gescheiden door 3½ of 7 jaar) zal zijn, maar slechts één wederkomst! Beide Bijbelgedeelten leren dat

Hierdie voorstelling hou nie rekening met die feit dat al gedurende die Ou-Testamentiese periode baie Jode geglo het: behalwe Abraham, die Hebreër (Genesis 14:13; 15:6), die Amoriet (Esegiël 16:3,45), ook die Joodse geloofshelde uit die Ou-Testamentiese periode (Hebreërs 11:1-40), die Jode wat hul in die tyd van Moses bekeer het (Deuteronomium 31:2,6), die 7000 wat in die tyd van Elia hulle knieë nie vir Baäl gebuig het nie (1 Konings 19:18) en die oorblyfsel in die tyd van Jesaja (Jesaja 1:9; 28:16).

Hierdie voorstelling hou ook geen rekening met die feit dat in die tyd van Jesus Christus en die apostels baie Jode geglo het: bv. die 12 dissipels van Jesus Christus (Johannes 6:68-70), die 120 gelowiges (Handelinge 1:15), die 3000 wat op die Pinksterfees tot geloof gekom het (Handelinge 2:41), die 5000 manne wat die Woord geglo het (Handelinge 4:4), die Jode "wat elke dag by die gemeente gevoeg is" (Handelinge 2:47; 6:7), die duisende wat in Jerusalem geglo het (Handelinge 21:20) en "in hierdie teenswoordige tyd (57 n.C. toe Paulus die brief aan die Romeine geskryf het) 'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is" (Romeine 11:5), te Galatië (Galasiërs 3:28), te Korinte (1 Korintiërs 12:13), te Rome (Romeine 1:16), te Efese (Efesiërs 2:11-22; 3:2-6), te Kolosse (Kolossense 3:11), ens. (Openbaring 21:12-13).

Die voorstelling dat "die hele Israel" alleen verwys na *die Joodse volk wat in die eindtyd leef*, is verkeerd.

(4) Die uitdrukking "die hele Israel" verwys nie na die natuurlike volk van Israel nie, d.w.s., Paulus maak geen Joodse nasionalistiese uitspraak nie.

Romeine 9:6 leer dat "nie alle Jode wat uit die natuurlike volk van Israel stam, "die ware Israel" is! Deur heel hoofstuk 9 verset Paulus hom teen 'n nasionalistiese beeld van die volk van Israel. Natuurlike Jode is nie "die ware Israel" of "die kinders van God" deur hul geboorte uit Joodse ouers nie. Jode (en nie-Jode) word eers "kinders van God" en "burgers van die ware Israel" deur wedergeboorte (Romeine 2:28-29), deur God se soewereine belofte, uitverkiesing, roeping, liefde en ontferming (Romeine 9:6-18). Jesus Christus het aan die Jode gesê: "As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" en "ook nie inkom" nie (Johannes 3:3,5). Jode moenie verbaas wees nie dat Jesus vir hulle gesê het: Julle moet opnuut gebore word" (Johannes 3:8)!

Die voorstelling dat "die hele Israel" verwys na *alle natuurlike Jode wat ooit geleef het*, is verkeerd.

(5) Die uitdrukking "die hele Israel" verwys na "die volle getal" of "die volheid" van uitverkore gelowige Jode deur heel die heilsgeskiedenis heen.

Dit verwys nie na Jode wat in die toekoms (die eindtyd) op een of ander manier die vereiste geregtigheid van God "vervul" (afgelei van Grieks: pleroó) in teenstelling tot hul "oortreding (ongeloof)" (Grieks: paraptóma) en "nederlaag (mislukking)" (Grieks: héttéma) in die verlede (Romeine 11:11-16).

Dit is 'n verwysing na "die volle getal" (Grieks: to pléróma) van Jode wat gered word en wat 'n samestelling is van elke "oorblyfsel" van Joodse gelowiges uit elke eeu van die wêreldgeskiedenis, bv.:

- "die oorblyfsel" in die tyd van Elia (1 Konings 19:18)
- "die oorblyfsel" in die tyd van Jesaja (Jesaja 1:9; 2:4; Romeine 9:27)
- "die klein kuddetjie" van dissipels in die tyd van Jesus Christus (Lukas 12:32)
- wat nietemin "die baie in Israel" is (Lukas 2:34; sien Handelinge 2:41,47; 4:4; 6:7; 9:31)
- "die oorblyfsel" in die tyd van Paulus (Romeine 11:5)
- en die daaropvolgende "oorblyfsels in elke eeu" (Romeine 11:23) tot die wederkoms (Matteus 10:23).

Paulus is nie begaan met die grootte van die getal Jode wat gered word nie, maar dat daar altyd Jode sal wees wat tot God se verbondsvolk behoort. Nietemin spreek Openbaring 7:9 oor, "'n groot menigte, wat niemand kon tel nie *van elke nasie, stam, volk en taal*" en dit sluit baie Jode in wat in Jesus Christus sal glo.

11:26

Vraag 2. Wanneer sal "die hele Israel" gered (verlos) wees? [8]

***Aantekeninge*.**

(1) Romeine 11:23 is geen profetiese uitspraak dat alle Jode gered sal word nie.

Wat Paulus in Romeine 11:11-12 beoog, is nie die redding van die hele natuurlike volk van Israel in die eindtyd nie, maar die redding van die volle getal van uitverkore Jode gedurende die heilsgeskiedenis tot die eindtyd.

---

de christenen ook door de Grote Verdrukking heen zullen gaan!

[8] Die vertaling van Romeine 11:25-26, "Die *verharding het oor 'n deel* (Grieks: pórósis apo merous) van Israel gekom (Grieks: ginomai) (voltooid teenwoordige tyd), en duur totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het en *op hierdie manier* (Grieks: kai houtós) sal die hele Israel gered word". Dit is absoluut juis in die oorspronklike Griekse teks, Nederlandse vertalinge (SV, NBG, KBS, HSV), Engelse vertalings (KJV, NASB, NIV) Afrikaanse vertaling (NAV), Deense en andere vertalings (Griekse woordeboek van Bauer, Arndt en Gingrich.)
Maar die vertaling, "*Die verharding het tydelik* oor Israel gekom, totdat die volheid van die heidennasies ingegaan het, en *daarna of dan* sal die hele Israel gered word, is onjuis! Dit is 'n vertaling wat voortkom vanuit *die bedelingeleer (Engels: dispensationalism)* en word in 'n paar Nederlandse Bybelvertalings in navolging van 'n paar Amerikaanse Bybelvertalings gevind, naamlik in "De Groot Nieuws Bijbel" en "Het Boek".

Romeine 11:11,14 sê dat die natuurlike volk van Israel NOU in die teenswoordige tyd (d.w.s., vanaf die eerste koms van Jesus Christus,) tot jaloesie geprovokeer moet word, sodat 'n oorblyfsel van uitverkore Jode NOU (d.w.s., vanaf die eerste koms van Christus) gered sal word. Dit was presies wat die apostel Paulus self met sy bediening onder die nie-Jode (die heidene) gedoen het (Romeine 11:30-31).

Dus, wat tot "die hele Israel" behoort by die wederkoms van Christus word gedurende die eeue bymekaar gemaak deur die verkondiging van die evangelie aan nie-Jode (heidene) en aan Jode. "Die Evangelie ... is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood maar ook die nie-Jood" (Romeine 1:16). Vergelyk die opdrag van Jesus aan die apostels *aan die begin* van sy bediening op die aarde: gaan liewer na die verlore skape van die volk Israel toe" (Matteüs 10:5-6) met die opdrag van Jesus aan die apostels *aan die einde* van sy bediening op die aarde: ook die heidene (Matteus 28:19)!

En as die "verwerping" (Grieks: apobolé) van baie Jode gedurende die Ou-Testamentiese periode tot die eerste koms van Jesus Christus gelei het tot die "versoening" (Grieks: katallagé) van baie nie-Jode in die wêreld, dan sal die "aanneming" (Grieks: proslémpsis) van baie Jode deur die verkondiging van die evangelie tot aan die wederkoms van Christus lei tot "niks minder as lewe uit die dood" (Grieks: zóé ek nekrón) (Romeine 11:15). Dit verwys na baie Jode wat uit die toestand van geestelike dood die ewige lewe sal ontvang. Die profeet Esegiël (Esegiël 36:25-27; 37:14), die Here Jesus Christus (Lukas 15:24,32) en die apostel Paulus (Efesiërs 2:1,5; 5:14) noem so 'n groot verandering in hierdie voormalige deur sonde verharde Jode niks minder as "'n lewe uit die dood" (Romeine 11:15)!

Dit kan geen verwysing wees na "die bekering van alle Jode wat ooit geleef het" en ook geen verwysing na "die sogenaamde duisendjarige vrederyk op hierdie aarde waarin die Jode die leiding sou kry, Joodse sendelinge ontelbare nie-Jode tot geloof sou bring en die grootste moontlike seëninge vir hierdie aarde sou bring" nie, omdat volgens die aanhangers van die bedelingeleer hierdie gebeurtenis (die volheid van Israel) eers sal plaasvind nadat die volheid van die heidene al tot geloof gekom het en dat daar dus geen heidene meer tot geloof kan kom nie of sal kom nie!

Romeine 11:23 sê: "As hulle (d.w.s. die Jode) nie in hulle ongeloof volhard nie, sal hulle ook geënt word, want God is in staat om hulle terug te ent." Hierdie vers is NIE 'n profetiese uitspraak dat "die hele natuurlike volk van Israel in die eindtyd" nie in haar ongeloof sal volhard nie!

Wat Paulus wel sê is dat Jode en nie-Jode (heidene) alleen in die Wortel, Jesus Christus, geënt word as hulle die voorwaarde van persoonlike geloof in Jesus Christus vervul. So word nie-Jode en Jode in die olyfboom geënt en vorm saam één volk van God (Johannes 10:16) of één Gemeente/Kerk (1 Korintiërs 12:13). Die beginsel, naamlik, dat mense alleen gered word deur hul geloof nadat hulle die evangelie gehoor het, is waar gedurende alle eeue in die wêreldgeskiedenis. Dit word duidelik in Romeine 10:14-17 en ook in Efesiërs 1:13. Paulus sien geen ander weg waarop Jode gered word dan deur die verkondiging van die evangelie in die hede en deur Jode wat daarop reageer met persoonlike geloof.

(2) Romeine 11:26 beteken nie "'n tydelike verharding van Israel en daarna die redding van die hele Israel" nie.

In vers 25 en 26 sê Paulus NIE, "Die *verharding het vir 'n tyd* oor Israel gekom totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het *en daarna (dan) sal die hele Israel gered word*" nie. Paulus impliseer NIE dat na die periode waarin die heidene God se koninkryk ingegaan het daar 'n interim periode (bv. "die Groot Verdrukking") kom waarin die volk van Israel gered sou word nie. Nêrens in die Bybel word gesuggereer dat daar so 'n interim periode tussen die ingaan van die heidene in God se koninkryk (d.m.v. die opname van die Gemeente) en die einde van die wêreld sou kom nie. Ook nêrens in die Bybel word gesuggereer dat die hele Joodse volk eers by die einde van die wêreld by die wederkoms van Christus tot geloof sou kom nie. Die finale einde vir die Christene uit die heidene, vir Christene uit die Jode en vir alle ander mense op die aarde kom tegelyk (Matteus 13:37-43; 24:21-31; 25:31-33; 2 Petrus 3:7-13; Openbaring 20:11-15)!

(3) Romeine 11:26 beteken "'n gedeeltelike verharding van Israel en so (op hierdie manier) die redding van die hele Israel".

Die woorde in die oorspronklike teks van vers 25 kan alleen as volg vertaal word met: "Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom (Grieks: pórósis apo merous) (en bestaan nou nog steeds)" (Grieks: tó Jisrael gegonen) (voltooid teenwoordige tyd). Die voltooid teenwoordige tyd toon aan dat hierdie gedeeltelike verharding van die Joodse volk tot die wederkoms van Christus aanhou!

Die woorde in die oorspronklike teks van vers 26 kan alleen vertaal word met: "en so" ("op hierdie manier") (Grieks: kai houtós) en nie met "en daarna (dan)" nie. Omdat Jode hul teen Christus verhard het, het Christus tot nie-Jode (die heidennasies) gekom (bv. Handelinge 13:45-51); en omdat nie-Jode tot geloof gekom het, is hulle jaloers gemaak en het hulle op hierdie manier ook tot geloof gekom).

Israel gaan deur 'n (lang) periode van gedeeltelike (maar nie volledige) verharding gedurende die tyd wanneer baie nie-Jode (en dus ook nie almal nie) die koninkryk van God ingaan. Dus in hierdie selfde (lang) periode bestaan 'n gedeelte ('n oorblyfsel) Jode waaroor geen verharding gekom het nie en gaan hierdie oorblyfsel van die Joodse volk die koninkryk van God in! Paulus spreek *nie oor die tydstip wanneer* Jode gered word nie, maar *oor die wyse waarop* Jode

gered word. NOU al (d.w.s., vanaf die eerste koms van Christus) word daar Jode gered en tot die einde by die wederkoms van Christus sal daar Jode gered word.

Hy sê dat die wedersydse afhanklikheid tussen die gedeeltelike verharding van die natuurlike volk van Israel en die verlossing van die volle getal van gelowiges uit die natuurlike heidennasies die manier is waarop God ook die volle getal van gelowiges uit die natuurlike volk van Israel sal red! De tydstip wanneer die volle getal van Joodse gelowiges bereik word, sal saamval met die tydstip wanneer die volle getal van die gelowiges uit die heidennasies bereik word! Dit sal NIE daarvoor en ook nie daarna gebeur nie!

Die heilsgeskiedenis tussen die eerste koms van Christus en die wederkoms van Christus is parallel vir nie-Jode en Jode. Die weg van verlossing is vir nie-Jode en Jode presies dieselfde (Romeine 10:12-13)! God se verbond in die Ou Testament het al nie-Jode (heidene) omvat (Genesis 12:3; sien Jesaja 56:3-8). Maar God se verbond vra geloof van Jode en van nie-Jode (Romeine 1:16; 11:23). Die Bybel leer baie duidelik dat in alle eeue Jode en nie-Jode wat nie tot geloof kom nie ook nie gered sal word nie (Romeine 2:9; Matteus 8:11-12; 21:42-44). En die Bybel leer baie duidelik dat in alle eeue Jode en nie-Jode wat glo in Jesus Christus *één organisme* vorm, wat as volg gesimboliseer word:

- één kudde van Christus (Johannes 10:16)
- één familie met kinders van God (Galasiërs 3:26-29)
- één nuwe mens, één huisgesin van God, één woning van God in die Gees (Efesiërs 2:11-22)
- één Liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:13; Efesiërs 3:6)
- één olyfboom (Jeremia 11:16-17; Romeine 11:17-24)
- één uitverkore en heilig volk van God (1 Petrus 2:9-10).
- één Nuwe Jerusalem, die Bruid van Christus (Openbaring 21:9-14, sien Hebreërs 12:22-24 vir Jode, Galasiërs 4:21-31 vir nie-Jode).

Die gedeeltelike redding van sowel nie-Jode as Jode sal in die wêreldgeskiedenis deurgaan tot die wederkoms van Christus. Pas by die wederkoms van Christus sal die volle getal (die volheid) uitverkore gelowiges vanuit die heidennasies en die volle getal (die volheid) uitverkore gelowiges vanuit die Joodse volk tegelyk bereik word.

Ook die kans om gered te word sal vir sowel Jode as nie-Jode tegelyk vóór die wederkoms van Jesus Christus eindig. By die wederkoms van Christus sal niemand meer tot bekering kom nie of kan kom nie, want by die wederkoms van Christus word die deur gesluit en niemand sal daarna in staat wees om die koninkryk van God in te gaan nie (Matteus 25:10-13; vgl. 2 Korintiërs 6:2)!

By die wederkoms van Christus sal die natuurlike volk van Israel (die Joodse volk) NIE tot bekering kom nie, want die profesie in die Ou Testament (Sagaria 12:10) word nie by die wederkoms van Christus vervul nie, maar is volgens die Nuwe-Testamentiese openbaring (Johannes 19:18,37) *al by die eerste koms van Christus vervul*!

Bowendien sê Jesus Christus duidelik tot Jode dat hulle nie op 'n ander manier gered word as nie-Jode nie. "Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle (dus baie seker Jode) moet opnuut gebore word nie ... Wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie! ... Wie aan die seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn (ANV: straf) van God bly op hom" (Johannes 3:7,18,36)!

11:26-27

Vraag 3. Hoe moet ons die profesieë in Romeine 11:26-27 beskou?

***Aantekeninge*.**

(1) Hierdie profesieë in die Ou Testament slaan op die eerste koms van Christus.

Die geskrewe Ou-Testamentiese profesieë wat in Romeine 11:26-27 aangehaal word, verwys na die verlossing van gelowiges in Israel by die eerste koms van Christus. Die taak van die Messias-Verlosser sou die volgende wees: om die goddelooshede van Jakob af te wend. In Romeine 11:26b haal Paulus nie alleen één Bybelvers uit die Ou Testament aan nie, maar maak *'n samevattende aanhaling* uit 'n aantal Ou-Testamentiese verse.

Gedurende sy eerste koms sou die Messias-Verlosser:

- vanuit Sion (Grieks: ek Zión) (d.w.s., vanuit Juda) kom (Miga 5:2; Matteus 2:6).
- na Sion kom (Hebreeuse teks van Jesaja 59:20; sien Matteus 10:5-8).
- vir (ter wille van) Sion kom en goddeloosheid van Jakob afwend (Griekse teks van Jesaja 59:20).
- 'n verbond met hulle sluit. "Dit is My verbond met hulle" (Jesaja 59:21).

(2) Hierdie profesieë het al gedurende die eerste koms van Christus in vervulling gegaan.

Wat in hierdie aanhalings in die Ou Testament geprofeteer word, sal NIE in die eindtyd in vervulling gaan nie, omdat hulle AL gedurende die eerste koms van Jesus Christus in vervulling gegaan het. Die Messias-Verlosser:

- is in Bethlehem gebore en het (dus) vanuit Israel (en nie uit 'n ander nasie) gekom (Matteus 2:6; Johannes 4:22).
- is gestuur na die verlore skape van Israel, maar hulle het Hom nie aangeneem (beter: verwelkom) nie (Matteus 15:24; Johannes 1:11).

- het vir Israel gekom, "om sy volk van hulle sondes te verlos" (Matteus 1:21; 10:6; Lukas 19:10; Galasiërs 4:4-5), maar baie van hulle het weggegaan (ANV: omgedraai huis toe) (Grieks: aperchomai) en nie meer saam met hom gegaan nie (Grieks: peripateó) (Johannes 6:66).
- het 'n nuwe verbond met die huis van Israel en die huis van Juda gesluit (Jeremia 31:31-34; Matteus 26:28; Lukas 22:20; Hebreërs 8:6-13), maar die huis van Israel "het nie in my verbond gebly nie (Grieks: emmenó) (aoristus) en "Ek het nie meer om hulle gegee nie/ ag op hulle geslaan nie (Grieks: ameleó)(aoristus)" (Hebreërs 8:9).

Hierdie profesieë toon aan dat die verlossing of bevryding van Israel nie van een of ander aardse vyand sou wees nie (bv. die Romeine in die tyd van Jesus of die Antichris of sy leër in die eindtyd nie) (Openbaring 19:19), maar *'n verlossing van hul goddeloosheid en sonde*! In hierdie profesieë het die Ou-Testamentiese profete gedink aan wat Jesus gedurende sy eerste koms sou doen (1 Petrus 1:9-12) en nie aan wat Jesus Christus by sy wederkoms sou doen nie!

By sy wederkoms sal Jesus Christus nie "vanuit Sion" op die aarde kom nie, maar "vanuit die hemel" (Grieks: ap' ouranou) kom (1 Tessalonisense 4:16; Openbaring 19:11). En by sy wederkoms sal die verlossing van goddeloosheid en die vergewing van sondes nie langer moontlik wees nie! "Al die volke van die aarde sal hulle op die bors slaan (as 'n teken van rou) (Grieks: koptó) (ANV: sal verslae wees)" omdat hulle hul nie meer kan bekeer nie (Matteus 24:30,39-41,50-51; Matteus 25:10-13,30,41-46; Openbaring 6:12-17).

Paulus wyk nie af van sy tema in die brief aan die Romeine nie, naamlik, "die regverdiging deur geloof alleen". In Romeine hoofstuk 9-11 toon hy aan dat "die leer van die regverdiging deur geloof alleen" *histories* is:

- G*edurende die Ou-Testamentiese periode* word Jode geregverdig alleen deur geloof (Romeine 4:1-8; 9:25 tot 10:8; 10:16-18).
- *Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode* (die tyd waarin Jesus en Paulus geleef het) word Jode geregverdig alleen deur geloof (Markus 1:14-15; Johannes 3:18,36; 6:29,40; Romeine 10:9-15).
- *Deur alle daaropvolgende eeue* tot die wederkoms van Jesus Christus sal Jode geregverdig word deur geloof alleen (Romeine 11:23,26-27). Ook vir die Jode is daar geen ander manier om gered te word nie! "Die evangelie is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood (Matteus 10:5-6; Handelinge 17:1-4), maar ook die nie-Jood (Romeine 1:16; Matteus 28:19; Handelinge 13:46-47).
- *En by die wederkoms van Christus* sal Jode (die natuurlike Joodse volk van Israel) NIE tot bekering kom nie en gered word nie! Die Nuwe-Testamentiese openbaring leer baie duidelik dat hierdie profesie van Sagaria 12:10 ("Maar oor die koningshuis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem bring Ek (letterlik:) die Gees van genade en smeekbede (Hebreeus: ruach chen we-tachenunim)(ANV: 'n gees van welwillendheid en van berou): hulle sal na Hom kyk vir wie hulle doodgesteek het en hulle sal oor Hom treur ...") (520-518 v.C.) NIE verwys na die wederkoms van Christus nie, maar na die eerste koms van Christus: na sy kruisiging (Johannes 19:37), die ontsetting en verdriet by mense (Lukas 23:48-49; Johannes 20:11; Handelinge 2:37), die uitstorting van die Heilige Gees op die Pinksterfees (sien Handelinge 2:16-17) en die smeekgebede van Christene (Handelinge 4:23-31; 12:5,12)!

Daarom moet die evangelie NOU ook aan Jode verkondig word opdat hulle NOU die kans het om gered te word. "NOU is dit die regte tyd, NOU is dit die dag van redding" (2 Korintiërs 6:2). Dit is wat die apostels gedoen het: hulle het die evangelie aan die Jode verkondig en hulle geroep om hulle te bekeer (Handelinge 2:14,38; Handelinge 3:12,19; Handelinge 4:8-12; Handelinge 5:14,20,28; Handelinge 6:7; 8:4; ens.). Dit moet Christene ook vandag doen.

11:28

Vraag 4. Hoe moet die Jode as "vyande" en as "geliefdes" beskou word?

***Aantekeninge*.** Die mense wat bestaan uit die volledige getal van uitverkore gelowiges in Israel ("die volheid van Israel") word enersyds beskou as "vyande" en andersyds as "geliefdes". Die konteks (Romeine 11:30-31) toon aan dat Paulus nie praat oor "die natuurlike volk van Israel" (wat volgens sommige mense "geliefdes" van God is) nie, maar oor "alle mense in die natuurlike volk van Israel wat die ware Israel vorm", d.w.s., oor alle Jode wat in Jesus Christus glo (sien Romeine 9:6). God "haat" (d.w.s. Hy verkies nie) (Romeine 9:13) Jode (en nie-Jode) wat onreg bly doen, wat God verwerp en geweld liefhet (Deuteronomium 7:7-8; Maleagi 1:2-3; Romeine 9:13; sien Psalm 5:6; 11:5).

In Romeine 11:28 is die vyande en die geliefdes één en dieselfde groep mense. Soos dit telkens weer in die wêreldgeskiedenis gebeur, was hierdie groep Jode aanvanklik "vyande", d.w.s., vyandig gesind teenoor Jesus Christus en die evangelie boodskap en daarom vyande van die Christene. Maar toe God Hom oor gelowige nie-Jode ontferm het, het hierdie "vyande" hulle ook tot Jesus Christus bekeer en het hulle "geliefdes" van Christus en van Christene geword.

Dieselfde geld ook vir die nie-Jode. Toe hulle nog "vyande" was, is hulle met God versoen deur die dood van Jesus Christus (Romeine 5:9-11). Maar as uitverkore, geroepe en geregverdigde mense het hulle ook "geliefdes" geword (Romeine 8:30-39). Ook die apostel Petrus spreek oor mense "wat voorheen geen volk (van God) was nie, maar NOU God se volk" geword het (1 Petrus 2:9-10).

Die voormalige "vyande" word na hul bekering om die aartsvaders se ontwil "geliefdes" genoem, d.w.s., omdat God sy belofte aan die aartsvaders vervul het, sal Hy ook sy belofte aan die gelowige nakomelinge van die aartsvaders vervul (Genesis 22:17-18; Galasiërs 3:29). Vergelyk die lewe van die apostel Paulus as "vyand" vóór sy bekering (Handelinge 26:9-11) met sy lewe as "geliefde" ná sy bekering (Handelinge 26:19-23).

11:29

***Vraag 5*. Hoe moet die uitspraak: "die genadegawes en die roeping van God word nooit weer teruggetrek nie" verstaan word?**

***Aantekeninge*.** Die woorde kan nie verwys na God se liefde vir die natuurlike volk van Israel nie. Dit kan nie verwys na die uitleg van sommige mense wat die volgende sê nie: God het eers die verharde harte van alle Jode gedurende eeue verdra (terwyl Hy in dieselfde tyd die verharde nie-Jode onherroeplik verlore laat gaan het) om ten slotte in die eindtyd alle Jode te red. Hierdie uitleg druis in teen die uitspraak van Jesus aan Jode: Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: julle moet opnuut gebore word nie. ... Wie nie glo nie, is reeds veroordeel *en bly veroordeel* (voltooid teenwoordige tyd). ... Wie die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn (ANV: straf) van God *bly voortdurend* op hom" (onvoltooid teenwoordige tyd) (Johannes 3:7,18,36).

Die Bybel leer dat daar geen tweede kans is om gered te word nie, vir Jode nie en ook vir nie-Jode nie. Jesus sê teen die Jode, "Ek sê vir julle: Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel. Maar mense vir wie die koninkryk bedoel is (die afstammelinge van gelowige Jode), sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word, waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners" (Matteus 8:11-12). "Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle (d.w.s. van die Jode wat Jesus Christus verwerp) weggeneem sal word en aan 'n volk (d.w.s. aan die Nuwe-Testamentiese volk wat bestaan uit Jode en nie-Jode wat in Jesus Christus glo) gegee sal word wat die vrugte daarvan sal lewer" (Matteus 21:42-44).

(1) God se roeping is onherroeplik.

Die woord "onberoulik" (Grieks: ametamelétos) beteken nie alleen maar dat God "geen spyt het" met betrekking tot wie Hy uitverkore en geroep het nie, maar ook dat God sy uitverkiesing, sy roeping, sy regverdiging en sy verheerliking (Romeine 8:29-30,33) "nooit sal terugtrek nie. Sy roeping is onherroeplik![9]

Romeine hoofstuk 9 sê: God se uitverkiesing met betrekking tot bepaalde voorregte vir die natuurlike volk van Israel (Romeine 9:4-5) is nie dieselfde as God se uitverkiesing tot verlossing nie (2 Tessalonisense 2:13-14; 2 Timoteüs 2:9-10)! Die roeping van God is ALTYD effektief, omdat God se roeping gebaseer is op sy uitverkiesing en altyd lei tot die regverdiging en verheerliking van die mense wat hy uitverkies het (Romeine 8:29-30; 9:11)!

God se roeping verwys nie alleen na die uiterlike verkondiging van die evangelie deur Christene nie, maar na die innerlike en altyd effektiewe roeping van die Heilige Gees in die harte en lewens van mense. Dit gebeur deur die verkondiging van die evangelie deur Christene (sien Romeine 1:5-7) en lei altyd tot die verkryging van die heerlikheid van ons Here Jesus Christus (2 Tessalonisense 2:13-14)! God se roeping is dus altyd "onherroeplik" – Hy trek dit nooit weer terug nie! Omdat sowel die Ou Testament as die Nuwe Testament spreek oor 'n deel van die Jode wat ongelowig en ongehoorsaam bly, kan God se roeping alleen maar slaan op sy roeping aan die uitverkore deel van Jode in die natuurlike volk van Israel.

God trek sy roeping van die uitverkore (gelowige) Jode en die uitverkore nie-Jode nooit terug nie. Jesus Christus het immers belowe, "Ek gee hulle (My skape) *die ewige lewe*; en hulle sal *in alle ewigheid nooit verlore gaan nie*. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir My gegee het (d.w.s. die skape), is die belangrikste van almal (d.w.s. van alle skepsels). En niemand kan hulle (die kudde) uit die hand van die Vader ruk nie" (Johannes 10:28-29). Dus, 'n viervoudige sekerheid van die besit van die ewige lewe!

(2) God se gawes is onherroeplik.

Netso is God se gawes "onherroeplik" – God trek dit nooit weer terug nie. Hierdie gawes kan egter nie verwys na die spesiale voorregte van die natuurlike volk van Israel nie (Romeine 9:4-5), omdat hierdie gawes in vervulling gegaan het by die eerste koms van Christus. En ná die eerste koms van Christus "het die gelowiges uit die heidennasies (letterlik:) mede-erfgename" geword (van God se Ou-Testamentiese volk) en medelede (van die Liggaam van Christus) en mededeelgenote van die belofte in Christus Jesus deur die evangelie) (Efesiërs 2:11-22; 3:2-6; sien 2 Korintiërs 1:20).

"Die gawes" verwys dan na God se spesiale gawes soos:

- die Heilige Gees (Handelinge 2:38; 15:7-11)
- geloof (Handelinge 13:48; Filippense 1:29; 2 Petrus 1:1)
- hoop, liefde (Romeine 5:5)
- vrede wat alle verstand te bowe gaan (Galasiërs 5:22; Filippense 4:6-7)
- die ewige lewe (Johannes 10:28), ens.

Almal gawes wat God nie aan ongelowiges en ongehoorsame mense skenk nie (Handelinge 5:32), maar alleen aan sy uitverkore gelowiges (Efesiërs 1:3).

In Romeine 11:30-31 illustreer Paulus hoe hierdie onherroeplike gawes en roeping van God uitpak in die uitverkore nie-Jode en uitverkore Jode in die loop van die geskiedenis.

[9] Griekse woordeboek van Bauer, Arndt en Gingrich.

11:32

***Vraag 6*. Hoe moet die uitspraak "God het almal aan die ongehoorsaamheid oorgegee, sodat Hy Hom oor almal kan ontferm" verstaan word?**

***Aantekeninge*.**

God het *eens en vir altyd* (aoristus) almal (Grieks: tous pantas) aan die ongehoorsaamheid oorgegee (opgesluit) (Grieks: sunkleió), sodat Hy hom *eens en vir altyd* (aoristus subjunktief) oor almal (Grieks: tous pantas) kan ontferm (Grieks: eleeó)." Hy het hulle in 'n posisie geplaas waar hulle (deur hul sondige natuur) verplig geword het om ongehoorsaam te wees" (sien Job 14:4; 15:14; Psalm 51:7) of "Hy het hulle oorgegee aan die ongehoorsaamheid" (sien Romeine 1:24,26,28; Efesiërs 2:2).

Die vers begin met die woord "want" en is dus 'n samevatting van die Bybelgedeelte van Romeine 11:25-32. Dit gaan oor "almal" in "die volheid van die heidene" (Romeine 11:25) en in "die hele Israel" (Romeine 11:26) of in "die volheid van Israel" (Romeine 11:12).

Netsoos die woord "almal" (Grieks: pas) in Romeine 5:18 uitgelê moet word in terme van sy konteks (Romeine 5:17), so moet die woord "almal" in Romeine 11:32 uitgelê word in terme van sy konteks (Romeine 11:25-32).

Paulus spreek nie oor "alle mense uit die natuurlike volke van die heidene" nie en ook nie oor "alle mense uit die natuurlike volk van Israel" nie. Hy spreek nie oor "universele verlossing" nie wat sê dat alle mense uiteindelik verlos sal word. Hy spreek alleen oor "alle uitverkorenes" onder die heidene ("die volheid van die heidene") en oor "alle uitverkorenes onder die Jode" ("die hele Israel"). Al hierdie mense was in hul natuurlike onwedergebore staat:

- opgesluit in die gevangenis van ongehoorsaamheid (Romeine 11:32; Efeziërs 2:2)
- sondaars (Romeine 3:23)
- geen één van hulle was van nature regverdig nie (Romeine 3:10)
- verdoem (Romeine 5:18).

Hier is die woord "almal" *universeel* (alle nie-Jode en Jode was in hul natuurlike staat verlore)!

Maar deur die verkondiging van die evangelie word die geregtigheid van God *geskenk* aan:

- alle Jode en alle nie-Jode wat glo in Jesus Christus (Romeine 1:16-17)
- alle mense wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het (Romeine 3:24; 5:17-18)

Hier is die woord "almal" *beperk* tot die uitverkore gelowiges, wat deur geloof aan Jesus Christus verbonde is!

Let op die woorde van Paulus: "Nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie" (Romeine 9:6).

- Die eerste "Israel" is universeel: "die Israel volgens die vlees" (Grieks: Israel kata sarx) of die natuurlike Israel (die Joodse volk) (1 Korintiërs 10:18).
- Maar die tweede "Israel" is beperk tot "die Israel van God" (Grieks: Israel tou theou), die gelowiges in Jesus Christus wat in Christus "'n nuwe skepping" geword het (Galasiërs 6:14-16).

11:33-36

***Vraag 7*. Wat sê Paulus in sy loflied?**

***Aantekeninge*.** Romeine 11:33-36 is 'n loflied. Deur na te dink oor God se heilsplan (plan van verlossing), bars Paulus los met 'n loflied oor God se onpeilbare wysheid en kennis.

(1) Paulus dink veral aan Romeine 11:25-26 en Romeine 11:30-32.

Hierdie verse openbaar "die wedersydse afhanklikheid tussen die verlossing van die gelowige nie-Jode (heidene) en die verlossing van die gelowige Jode. Hierdie verse openbaar ook die feit dat God Hom sal verheerlik in die saamgestelde "volheid" van verloste heidene en "volheid" van verloste Jode.

(2) Paulus erken die God van die Bybel as die Bron van verlossing.

Uit God. God is die Ontwerper van die heilsplan/verlossingsplan. Hy het almal wat in Jesus Christus glo, uitverkies om aan Hom toe te behoort (Romeine 8:29-30).

Deur God. God is die Uitvoerder en Voleinder (die Begin en Voleinder) van die heilsplan. Deur sy ontferming en mag het Hy die gelowiges geregverdig sodat die verlossing ook hulle deel geword het.

En tot God. God is die Doel van die heilsplan. Die gelowiges is geskape en verlos om tot sy heerlikheid te lewe (sien Jesaja 43:7; Kolossense 1:16).

Deur "Amen" te sê, gee Paulus sy persoonlike, plegtige en geesdriftige goedkeuring aan God se heilsplan.

STAP 4. DOEN. TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 11:1-36.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 11:1-36.

11:1. Weet dat God sy Ou-Testamentiese plan van verlossing nie losgelaat het nie. Hy verlos (red, regverdig) die gelowiges wat behoort tot die natuurlike volk van Israel. Aan hierdie groep voeg God die gelowiges toe wat behoort tot die nie-Joodse volke. Dus, God brei sy Ou-Testamentiese volk uit om die gelowiges uit die nie-Joodse volke van die wêreld in te sluit!

11:4. Glo dat selfs onder die grootste vervolging in jou land, God mense het wat nie hulle knieë buig voor die gode (van die ander godsdienste) van jou land nie, maar alleen voor die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het!

11:5-6. God se genade sluit alle pogings van mense om hulself te verlos (deur bv. die wet te hou of godsdienstige pligte na te kom) uit.

11:11. Onthou dat wanneer ’n bepaalde groep mense in jou land struikel en van die God van die Bybel afval, God hierdie situasie kan gebruik om ’n ander groep mense in jou land te verlos!

11:14. In plaas van Jode, Moslems, Christene of enige ander groep mense te haat, moet Christene die evangelie aan hulle verkondig en die evangelie sigbaar in hul midde maak sodat hulle jaloers gemaak word op die veranderde en aantreklike lewens van Christene. Op hierdie manier raak hierdie groepe mense geïnteresseerd om die Bybel te lees en Jesus te leer ken.

11:18. Nie-Joodse Christene moet hul nie verheug oor die Joodse takke wat deur hul ongeloof en ongehoorsaamheid van die olyfboom (God se volk) afgekap is nie. Onthou dat God sy verbondsvolk met Abraham, Isak en Jakob begin het.

11:20-23. Die kriterium vir deel word aan die volk van God is geloof in die Here Jesus Christus (Johannes 4:6; Handelinge 4:12). En die enige kriterium om van die olyfboom afgekap te word is ongeloof (Johannes 3:16-18,36).

11:24. Onthou dat “die mense van die Boek” (d.w.s., die Jode, die naam-Christene en die Moslems) nader aan die geloof in Jesus Christus staan en hul eerder tot Jesus Christus sal kan bekeer.

11:25. Christene moet die geheimenis van God ken, naamlik, dat God Jode gebruik het om die evangelie aan die nie-Jode te bring en nou nie-Jode gebruik om die evangelie aan Jode te bring. Christene moet dus om geen enkel rede nalaat om die evangelie aan Jode te verkondig nie. Teen die tyd van die wederkoms van Christus sal “’n menigte wat niemand kon tel nie uit elke nasie, stam, volk en taal” aan Jesus Christus behoort (Openbaring 7:9).

11:28. Moenie vergeet dat mense wat vandag nog “vyande” van Christus, die Bybel of Christene is, môre “geliefde” broers en susters kan word nie! Wees nie bevooroordeeld teenoor ander mense nie!

11:30. Onthou dat wanneer God jou tot verlossing in Jesus Christus geroep het, Hy sy roeping nooit sal terugtrek nie! As God aan jou die Heilige Gees, geloof, hoop, liefde en vrede gegee het, sal Hy sy gawes aan jou nooit herroep nie!

11:31-36. Onthou dat elke mens wat nou verlos (gered) is, vroeër ook ongelowig, ongehoorsaam en hopeloos verlore was! Roem dus nie, maar prys God as die Bron, Uitvoerder, Voleinder en Doel van jou verlossing!

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 11:1-36.

Ek wil bewus en sigbaar in geloof lewe. So hoef ek nooit angstig te wees dat ek van die olyfboom (God se volk) afgekap sal word nie.

Ek wil God telkens loof dat my bestaan en verlossing uit Hom, deur Hom en tot Hom is!

STAP 5. BID. REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 11;1-16.
(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	**GEBED** (8 minute)	***[VOORBIDDING]*** **BID VIR ANDERE**

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	**VOORBEREIDING** (2 minute)	***[OPDRAGTE]*** **VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op ’n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 11:1-36 saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit **Jeremia 1, 2, 4 en 10.** Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(3) God se krag. Jesaja 41:10.** Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die slaaf wat niks verdien nie”** in Lukas 17:7-10 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.